Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 14 Junie 1950 Prys 3d. No. 30

# SOWJET HOU DERDUISENDE DUITSERS AS SLAWE

## Erken Hulle Eenvoudig Nie Meer As Gevange Soldate

**Met, volgens Duitse berekening, nog nagenoeg twee miljoen krygsgevangenes in Rusland, het die aankondiging deur die Russiese owerheid 'n paar weke gelede dat alle Duitse krygsgevangenes tans teruggestuur is, soos 'n koue skok deur die Duitse volk gegaan. Die vraag het opgekom of die twee miljoen dan almal dood is en of 'n groot deel van hulle nog as slawe aangehou word. Op hierdie vrae word 'n gedeeltelike antwoord gegee in die Intelligence Digest van Kenneth de Courcy. Op grond van inligting deur sy geheime agente gee hy die volgende beskrywing wat 'n verklaring bied vir die Russiese aankondiging — die inligting is verstrek twee maande voor die aankondiging:**

Ten einde soveel Duitse krygsgevangenes as moontlik te behou sonder om van hulle rekenskap te gee, het die Sowjetowerheid onlangs sy beskrywing van wat 'n krygsgevangene is, gewysig. In die vervolg sal krygsgevangenes nie as sodanig beskou word indien hulle tot dwangarbeid of tronkstraf veroordeel was nie, asook nie diegene wat in „swyg-" of ander strafkampe verkeer nie. Lede van sekere Duitse leërgroepe wat as „oorlogsmisdadiger-groepe" geklassifiseer word, is ook van hul krygsgevangenestatus onthef.

### HONDERDDUISENDE

Onder hierdie is: die Waffen S.S., Polisie, Feldgendarmerie, vier tenk-divisies, een Jäger-divisie, een valkskerm-divisie, een lugmag-divisie, alle ski-troepe, 15 infanterie-divisies; alle eenhede wat gedurende die oorlog die name van hul bevelhebbers gedra het; verskillende eenhede van die Todt-organisasie en meeste tegniese eenhede. (As in aanmerking geneem word dat 'n Duitse Infanteriedivisie 15,000 tel, dan beloop die 15 divisies van hierdie soort alleen al oor die 200,000 — Red.) Krygsgevangenes wat van hul status ontneem is, word verplaas na sogenaamde „Regime-kampe". Slegs by wyse van hoë uitsondering word hulle losgelaat.

### NOG MEER

Behalwe hierdie word alle inwoners van kampe in sekere gebiede nie meer as krygsgevangenes beskou nie. Hierdie kampe is dié wat geleë is in Russiese Armenië, Sachalin, Kantchatka en Chabarowsk.

Die dissipline in dwangarbeidskampe het in die jongste tyd nog meer barbaars geword. Die gewone vonnis is nou tien jaar dwangarbeid vir oortredings soos: vermelding van kamptoestande in briewe; diefstal van voedsel; te geveg het teen Russiese partisane tydens die oorlog; siekte wat toegeskryf word aan verwaarlosing van jouself; nalating om kamerade te verklap.

Volgens skatting is in die afgelope twee jaar ten minste 80,000 sulke vonnisse oor Duitse krygsgevangenes gevel.

## 2 Miljoen Het Verdwyn

**Die Russiese regering het aangekondig dat „alle" Duitse krygsgevangenes, naamlik 1,939,063, op uitsondering na van 9,717 veroordeelde „oorlogsmisdadigers" en 3,815 wat nog verhoor moet word, nou teruggestuur is.**

**Volgens syfers deur ons korrespondent genoem, moet daar nog rekenskap van ongeveer 2,000,000 Duitsers gegee word.**

## V.S.A. Bied Voorbeeld Met Presidensiële Stelsel

# GEEN VERTEENWOORDIGING BINNE PARTY

**Die hele regeringspers wy tans heeltemal tereg aandag aan die geval van die Natalse afvaardiging wat Kaap-toe moes kom om die Natalse standpunt ten opsigte van die apartheidswetgewing te stel.**

**Waaroor sou dit gebeur het? Op enkele uitsonderings na is die lede van die sending uit Natal immers Engelssprekendes en die natuurlike politieke bondgenote van die Verenigde Party. Boonop is die oorgrote meerderheid van Natalse lede van die Volksraad Engelssprekende lede van die Verenigde Party. Die L.V.'s van Natal is dus die aangewese mondstukke van dieselfde mense wat die afvaardiging hierheen gestuur het.**

Die afleiding is onweerlegbaar: die ware gevoelens van die Natalse kiesers word nie deur hul wettig-verkose verteenwoordigers vertolk nie en die radelose, wesenlik stemlose stemgeregtigdes van Natal moes langs 'n ander weg hulle gevoelens lug.

### NIE SLEGS 'N UITSONDERING

Die verleidelike reaksie van die regeringsondersteuners is om die besondere deugdeloosheid van die Verenigde Party as sodanig aan die kaak te stel as oorsaak van die kunsmatige dwarsboming van die eerlike oortuigings van hul eie lede. **Dis egter nie die hele waarheid nie. Hierdie is slegs nog 'n verskyningsvorm van 'n grondliggende fout van die alombeminde troetelkind van Britse reklame: hul partypolitieke regeringstelsel. Dis nie 'n uitsondering nie. Dis 'n beklemtoonde monster van die toepassing van 'n algemene reël: dat die partybelang bo ALLE ander voorkeur het.**

### PLAASLIKE BELANGE EN NASIONALE BELANGE

Elke organisasievorm wat landswyd is en in die hoogste mate elke staatsmasjien wat sy sout werd is, moet voorsiening maak vir die rol wat plaaslike en groepsbelange in die werking van die geheel moet speel. Uniale beleid moet ag slaan op die probleme van sê Malmesbury, dié van alle wynboere, van alle handelaars of van alle Natallers. Daar is geleenthede wanneer die staatsbelang die beste gedien word deur die koringboere te help met subsidies; daar is geleenthede ook wanneer die staatsbelang vereis dat die koringboere liefs moet swaarkry as dat bv. die dorpenaar meer vir brood moet betaal.

**Deur J. de Vos**

'n Staatsvorm wat plaaslike inisiatief versmoor, is ewe noodlottig as dié wat hoegenaamd geen nasionale rigting tussen die botsende belange deur kan volg nie. Sentralisasie en desentralisasie moet in volmaakte ewewig verkeer.

### STREKKING VAN PARTYPOLITIEK

Die partypolitiek soos dit in die Unie beoefen word, het nou 'n dubbele fout. Ten eerste word die nasionale rigting gesaboteer deur die partypolitieke burgeroorlog; ten tweede word die plaaslike en groepsbelange binne die partye byna volkome veronagsaam en meesal, alleen toevalligerwyse wanneer dit met die partybelange strook, in aanmerking geneem. **Hierdie loop van sake is die normale en noodwendige gevolg van die feit dat die stabiliteit van ons regeringstelsel met die stabiliteit van groot party-organisasies saamehang. 'n Bouvallige party skep 'n bouvallige bewind. Op die lang duur is daar geen ander stut in ons staatsmasjien beskikbaar as die partystut ineenstort nie. Met hom val die kabinet en die eerste minister, die sterkste enkele persoon in die stelsel.**

'n Suksesvolle eerste minister moet dus tot sy beskikking 'n sterk, gedissiplineerde party hê. **Vir afwykende opinies bied die partyraadsale ewe min verdraagsaamheid as 'n groot monopolistiese handelsaak vir 'n klein mededinger.**

**Hierdie oorheersing van partybelange word gaande sterker, nie swakker nie.**

## Natal Moet Spesiale Sending Stuur Na Parlement

### 'N ANDER PLAN

Dis duidelik dat 'n ander plan gevolg moet word. Soos vantevore wil ek weer na die Verenigde State verwys. Dáár is talle rassegroepe binne die leeftyd van 'n geslag tot 'n nasionale eenheid saamgesmee. Dáár vind ons die moderne samelewing op sy ingewikkeldste in 'n staatsgebied wat oor 'n Vasteland uitgestrek lê. **Tenspyte van tekortkominge het die V.S.A. tog deur twee wêreldoorloë sonder noemenswaardige verdeeldheid gegaan en die reusagtigste beplanningskema van die geskiedenis onder die naam van die Marshall-plan begin.**

In die woorde van die bekende advertensie kan ons vra: „Hoe het pa dit gedoen?"

### SENTRALISASIE IN V.S.A.

**In die grondwet van die V.S.A. is die president die simbool van nasionale eenheid. Hy is die hoof van die uitvoerende gesag en sy kabinet is aan hom persoonlik verantwoordelik. In hom setel alle middelpuntsoekende strominge in die staat. Met die radio en nuusdienste tot sy beskikking kan hy in krisistye daarin slaag om die hele staat agter hom te verenig. Solank hy daar is hoef die volk nie te vrees dat nasionale verlamming sal intree nie. In hom setel die sterkste effektiewe**

(vervolg op bladsy 6 kolom 4)

## OU DAE KEER TERUG

**Twee van ons senioroffisiere te Bellville het onlangs 'n baie aangename verrassing te beurt geval. Hulle het 'n vooraanstaande persoon genader om plaaslik kommandant te word. Hy het dadelik ingewillig en verder homself soos volg uitgelaat:**

„U sal onthou dat ek jare gelede ook hier kommandant was, maar dat ek uitgetree het toe die broedertwis begin het. U sal ook verder onthou dat ek destyds gesê het, dat ek gewillig sal wees om weer te dien, sodra die ou dae weer terugkeer. **Ek voel dat dié tyd nou aangebreek het.** Van nou af kan ons weer opbou. Onder die omstandighede het ek geen beswaar om die kommandantskap te aanvaar nie."

# Skoene Met Veters Nie Vir Naturelle Geskik Sê Britte

**Volgens 'n berig in die Rhodesian Recorder is onlangs in Londen 'n konferensie gehou van Britse skoennyweraars waar besluit is op 'n volstoomse veldtog om die naturel „skoenbewus" te maak.**

**Daar is op die konferensie verklaar dat die Rhodesiese naturelle geen belangstelling vir skoene het nie. Hulle beskou hulself as volledig gekleed wanneer hulle 'n broek en 'n hemp aan het. Die volgende benodigdheid op die lys is 'n fiets— maar nie skoene nie.**

**Daar is dus ingegaan op die vraagstuk waarom Rhodesiese naturelle nie soos behoorlike stemgeregtigde burgers gekleed wil gaan in egte Britse skoene nie.**

**Die ondersoek het aan die lig gebring dat die knoop by die veters lê. Die naturelle gebruik die veters vir ander doeleindes, en daarna weier hulle om skoene te dra wat vetergaatjies het maar nie veters nie!**

**Die konferensie het gevolglik besluit op die vervaardiging van 'n nuwe soort goedkoop skoen wat nie veters het nie en baie goed sal pas vir die voet van die naturel. Die skoen sal enkelklappig wees met die sool vasgeplak aan die oorleer wat nie baie duursaam sal wees nie omdat naturelle nie hul skoene laat versool nie.**

**Die Rhodesiese naturelle, kan mens aanneem, sal dankbaar wees vir hierdie verdere openbaring van imperiale belangstelling in hul welsyn. Die goeie Britte is nie net besorgd oor hul stemreg nie, maar ook oor hul voorkoms. Hoe sal 'n stemgeregtigde nou lyk sonder skoene, sonder goeie Britse skoene aan sy voete, kaalvoet bo op 'n Britse fiets onder weg na 'n Britse stembus!**

**Die blote gedagte daaraan moes genoeg gewees het om Britse filantrope — in plaas van Britse fabrikante — tot die studie van skoenveters en die verskynsel van reisende naturelle met skoene oor hul skouers te beweeg.**

**Gelukkig dat die oorsaak van die skorting maar net by die veter lê — dit gee die Britse imperialisme die grootse geleentheid om, in getrouheid aan sy roeping, die Britse beskawing in die vorm van 'n paar Britse skoene aan die inboorling te bring — en as dit nou toevallig 'n verdere uitbreidingkie van die Britse skoenhandel meebring, waarom nie? Niemand kan tog beweer dat hulle net oor skoene en nie ook oor die stemreg bekommerd is nie!**

**DIE BELANGRIKSTE FEIT HET HIERDIE BRITTE SEKER NOOIT TE BINNE GESKIET NIE, NAAMLIK DAT AS BRITSE SKOENE MET VETERS NIE BY DIE MENTALITEIT VAN NATURELLE PAS NIE, DIE BRITSE REGERINGSTELSEL MET KOUKUS EN OPPOSISIE NOG VEEL MINDER SAL PAS.**

DIE O.B., WOENSDAG, 14 JUNIE 1950

# Gevaarlike Kloof

'n Neiging is in die jongste tyd besig om te ontwikkel wat nie net vir die huidige regering gevaarlik gaan word nie, maar ook geensins bevorderlik vir ons volkseenheid is nie. Dit is nodig dat die regering besondere aandag aan die vraagstuk skenk en stappe doen om 'n verdere ontwikkeling in die rigting te vehoed — as hy kan. Die neiging is naamlik dat 'n steeds wyer wordende kloof geskep word tussen boer en stedeling as gevolg van die ekonomiese druk waaraan veral laasgenoemde onder die verhoogde lewenskoste in die jongste tyd gebuk gaan. Daar heers 'n gevoel, ook by ondersteuners van die regering, dat die stedelike verbruiker alleen die volle las van die verhoogde lewenskoste dra, en hierdie gevoel uit homself nie net in private gesprekke nie, maar selfs in die regeringspers. Onmiddellike aanleiding hiertoe was die onlangse prysstygings oor die hele front kort nadat die regering aangekondig het dat die lewenskostetoelae nie verder verhoog gaan word nie. **Vir die stedeling was dit onverstaanbaar dat die regering, in 'n poging om die inflasie af te ruk, wel die inkomste van die stedelike verbruiker wou vaspen, maar desnieteenstaande voortgaan om die prys van lewensmiddele te verhoog in belang van primêre produsente. En hoe van boerekant ook al verduidelik is dat hoër produksiekoste hoër pryse vir botter, mielies, vleis, koring ens. noodsaaklik maak, die huisvrou in die stad wat met 'n afgemete salaris moet worstel om 'n gesin van die nodige te voorsien, kon nie begryp waarom sy, as die onderste stut in die stygende water steeds dieper in die finansiële modder afgeruk moet word te midde van die ander se pogings om neus bo water te hou nie.**

## NIE TRED GEHOU

Salarisse het nie naby in verhouding tot lewenskoste gestyg nie, en in sover daar 'n aanpassing was, het dit 'n sewe, agt jaar gelede geskied toe pryse van landbou- en nywerheidsprodukte nog maar op pad was na hul huidige hoogtes.

Die kringloop van verhoogde pryse kom ten opsigte van elke item by die salaristrekkende verbruiker tot rus. As die mielie-boer sy produk se prys verhoog, verhoog die vleis- en suiwelboer die prys van sy produk op grond van verhoogde produksiekoste weens duurder voer, en daardie verhoging **kom in die laaste instansie uit die sak van die salaristrekkende verbruiker wat dit op niemand anders as sy eie spaarkas — indien hy nog een het — kan afskuif nie. Hy is die breekwater in die proses van aangolwende lewenskoste.**

Dit is daarom te verstaan dat hierdie groep binne die volk steeds luider begin roep en selfs verbitterd raak wanneer aan hulle gesê word dat inflasie gekeer moet word deur stopsetting van hul karige lewenskoste-toeslag, terwyl ander vertakkinge van die gemeenskap wel hul verhoogde uitgawes kan vergoed met verhoogde inkomste. Die belofte by monde van twee ministers dat die regering die kwessie van verhoogde lewenskoste-toelae in heroorweging mag neem, mag hierdie gevoel tot 'n mate besweer, maar die skade wat reeds aangerig is deur die verkeerde hantering van die saak, vrees ons, sal nie so lig herstel kan word nie.

## NUT VAN VOLKSBEWEGING

**Wat bowe-al noig is, is 'n band tussen stad en platteland deur middel van 'n volksbeweging wat die gevoel van verwantskap tussen die volksdele voortdurend kan beklemtoon en bevorder. Die man en vrou in die stad moet bewus wees van die moeilikhede van die boer in sy stryd teen natuur-elemente en ander vraagstukke om die noodsaaklike voedsel voort te bring, maar terselfdertyd die gerustheid hê dat laasgenoemde 'n oog vir hul probleme het en dus nie in 'n gees van selfverryking hulle kaal sal pluk nie. Van albei kante moet daar besef word dat ons as volk 'n lotsgemeenskap is en dat die een die ander se laste moet help dra.**

So 'n gevoel van verbondenheid en vertroue kan deur 'n volksbeweging aangewakker word en deur die daarstelling van 'n regering wat waarlik volksverteenwoordigend en volksversorgend sal wees — **'n regering vir die hele volk en nie net vir 'n deel van die volk nie, soos ons onder die partystelsel het waar die neiging bestaan dat elke party sy blou oogondersteuners het — die een in die stedelike werker, die ander in die stedelike kapitalis en nog 'n ander in die boerende gemeenskap.**

In so 'n volksversorgende staat sal sowel die boer as die stedelike verbruiker ook die sekerheid hê dat geen onnodige toevoeging tot die lewenskoste gemaak sal word deur daardie elemente wat in hul hoedanigheid as middelmanne hulself verryk uit die sweet van die boer en die behoefte van die verbruiker nie. **Vergoeding vir noodsaaklike dienste, ja, maar nie die skepping of handhawing van oorbodige dienste terwille van vergoeding nie.**

# Praat Simpatiek Maar Optrede Is Koud

## *Kleurbeleid Van V.S.A. Met Afrikaanse Vergelyk*

**'n Interessante vergelyking tussen die kleurbeleid van die Afrikaner en dié van Noord-Amerika word in die jongste aflewering van Koers gegee deur dr. S. P. van der Walt van Potchefstroom. Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat ons meer skade doen met ons woorde as met ons dade sover dit buitelandse kritiek betref. Dit is jammer dat dit 'n politieke strydpunt geword het. „Vir 'n oomblik mag dit wel die gemoedere streel, mag dit 'n verkiesing se uitslag bepaal — maar die voordeel is kortstondig en bring ons in internasionale kalklig," en word ons ten onregte beoordeel, daar ons dade baie meer simpatiek is as ons woorde.**

Die skrywer verklaar dat die buitelander met sy anderse agtergrond ons woorde verkeerd opneem. „As sulke terme soos ‚baasskap van die Afrikaner', ‚voogdyskap', ‚lokasie', ‚gelykstelling', ‚handhawing van blanke bestaan' gebruik word, moet hulle versigtig omskryf word. Ek sê dit uit eie suur ervaring. **Nadat ek (daar) die interpretasie van hierdie terme aangehoor het en die betekenis wat daaraan geheg is verneem het, het ek geskrik by die gedagte dat ons self die skuld dra vir al die wanindrukke . . .**

**„Die enigste weg is om op te hou met skrywe en op te hou met praat.** Die kritici sal wel probeer om die wêreld op hoogte te hou, maar as daar van positiewe kant slegs met goedgesinde aksie voortgegaan word, sal die wêreld spoedig oortuig word van welwillendheid teenoor die gekleurde deel van ons samelewing . . .

### VEEL GUNSTIGER

**„Ons geskryf oor apartheid is oneindig veel kouer, meer gevoelloos en hard, as wat ons persoonlike verhouding teenoor die naturelle en kleurlinge is . . . Ons sien hulle graag vorder, is dankbaar as daar werksaamheid, verantwoordelikheid, eerlikheid, vooruitstrewendheid by hulle openbaar word en ons bevorder dit ook. Hoe sal en kan ons dan al ons private en publieke toegeneëntheid verklaar as ons gesondheidsklinieke, sosiale werkers, sending, verbeteringshuise, skole, hospitale, behuisingskemas, saniteit, opvoeding van volwassenes, private wonings, malariabestryding, ens., ens. in ag neem? Ja, inderdaad ons doen veel meer as wat ons sê — ons optrede is veel meer vaderlik as die veelbesproke voogdyskap. Ons laat nie toe dat ons naturelle uitgebuit word deur parasiete in ons samelewing nie. Ons tree op vir hulle en in hulle belang. Ons hele optrede word beheers deur die Boere-motief dat die naturelle kinders is wat geleer en beskerm moet word totdat hulle ontwikkel het tot daardie selfstandigheid dat hulle hulself en daardeur hul eie mense kan bedien.** Maar dit weet die buitelander nie, en dit is juis wat hy moet weet. Maar nou moet hy uit begrippe wat by ons welbekend is en by hulle onbekend, ons oordeel."

### KOUE DADE

Vervolgens gee die skrywer sy indrukke van die behandeling wat Negers in die noordelike state van Amerika ondergaan, dit wil sê waar gelykheid die amptelike standpunt is. „In hierdie land tref ons die groot verskil aan met ons: **ons skrywe is koud en hard, terwyl ons doen simpatiek en welwillend is; hulle skrywe is simpatiek en welwillend, terwyl hulle doen en late tamelik onverskillig en traak-my-nie-agtig is. Voor die wêreld word geposeer met 'n liberale beleid van gelykstelling, maar daar is hoegenaamd geen sprake van in die praktyk nie.** Ek het daar weggegaan met die gedagte dat daar tussen die Amerikaanse en Suid-Afrikaanse houding ten opsigte van die gekleurde rasse nie die minste verskil bestaan nie.

### IN TEORIE

„Dit is wel waar dat die neger in dieselfde werkkring staan, dieselfde lone verdien, in dieselfde waens per trein ry, aan dieselfde tafels in die eetsalon eet, langs blankes sit en gesels. Skynbaar is dit heeltemal in stryd met my bewering. Maar hoe verklaar u dat hulle aparte woonbuurte het in New York, in Grand Rapids, in Chicago? Ons noem hierdie aparte woonbuurtes lokasies, maar dit is al wesenlike verskil. **Toe ons in Grand Rapids was, het een Neger 'n huis wou koop in 'n blanke buurt en dadelik was die hele buurt in opstand — en die koop het nie deurgegaan nie. In Chicago het daar 'n insypeling plaasgevind in die blanke woonbuurt, waar daar 'n gemeente was van die Christian Reformed Church, met 'n mooi kerk. Die blankes het daar weggetrek, na Berwyn gegaan en moes 'n nuwe kerk bou. Maar spreek hierdie dinge dan nie duidelike taal nie?**

### DUIDELIKE VERSKIL

Die skrywer merk op dat die Neger-woonbuurtes, hoewel hulle dieselfde soort huise as die blankes bewoon, dadelik onderskei kan word weens die onnetheid en verwaarlosing daarvan.

Hy het talle mense uitgevra en slegs in een geval het die ouers geen beginselbeswaar gehad dat hul kinders met Negers trou nie. Al die ander het dit as ondenkbaar beskou, en nêrens het hy Negers in die huise van blankes gesien nie — dus ook sosiale apartheid.

Tipies van hul houding is die antwoord op die vraag waarom die kerk in Grand Rapids geen sending onder die Negers doen nie: **„Wat sal ons met hulle maak as hulle die Gereformeerde leer omhels — ons kan hulle tog nie in die blanke kerke inneem nie. As dit gedoen sou word, dan sou die blankes weer by die kerkdeur uitgaan."**

### MOET HELPER BLY

„Juis met ons besoek aan die sendingveld het daar die eerste sendinghelper, Indiaan van geboorte, met sy vrou gekom, George Henry. Albei is deur die Reformed Bible Institute opgelei en het hul taak begin. Ek het hulle gevra waarom hulle hom nie bevestig as predikant in die midde van sy volk nie. Maar daar is besware, gewigtige besware. Ek gee die besware in sy Engels weer soos dit aan **my gegee is: ‚Then he would be eligible to a call in any Christian Reformed Church.' Sien u, dit mag nie. Hy mag nie vir blankes predikant wees nie. Tot die stigting van 'n eie kerk vir die Indiane kom dit ook nie. Wat van hierdie vorm van apartheid?**

„Geen beleid word neergeskryf nie — maar 'n beleid is daar."

### KULTUUR

Ten slotte verklaar die skrywer dat daar reeds 56 jaar lank sendingwerk onder die Rooihuide, onder die Zuni- en Navahoe-stamme gedoen word. **Nog altyd word die Evangelie deur middel van Engels aan hulle gebring.** „Nog nooit het ons geesverwante in die moedertaal van die Indiaan gepraat nie: hulle beweer dat dit te moeilik is om aan te leer. Die Afrikaner kan miskien hier 'n voorbeeld wees — ons wat juis beskuldig word dat ons 'n Herrn-volk-moraal het — ons bedien ons van die taal wat spreek na die hart, die moedertaal van die stam waar ons werk."

Dit is juis hierdie aspek — die feit dat die Afrikaner die taal en kultuur van die naturel wil handhaaf, wat die positiewe karakter aan ons kleurbeleid gee.

# £45 Miljoen Vir Skeersel

Suid-Afrika se volgende wolskeersel behoort sowat 100,000 bale meer te wees as dié van verlede jaar en as wolpryse dieselfde bly sal die inkomste daaruit sowat £45,000,000 bedra, volgens die mening van sen. D. T. du P. Viljoen, lid van die Suid-Afrikaanse Wolraad. Die inkomste uit die vorige skeersel het ongeveer £40,000,000 bedra.

**OSSEWABRANDWAG STELLENBOSCH**

LEDEVERGADERING

IN MURRAY-SAAL C.S.V.-GEBOU

**op Donderdag, 22 Junie 1950 om 7.30 nm.**

Besluite van Uniale Uitvoerende raad sal behandel word

**Besoekende Spreker: GENL. MAX SMUTS.**

**Alle lede moet teenwoordig wees.**

**OSSEWABRANDWAG OBSERVATORY**

**VERGADERING IN COLLINGWOODSAAL**

**op Maandag, 26 Junie 1950 om 8 nm.**

**SPREKERS:**

**H/Genl. Jacob de Vos**

**Mnr. N. G. S. v. d. Walt — Redakteur van Die O.B.**

**O.B. Blaasorkes.**

**ALMAL WORD HARTLIK UITGENOOI.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**ANDERSEN.**—Aan Albert en Johanna (Geb. De Wet) 'n fris seun op 7 Junie. Albei wel. 14/6/1

**SWART.**—Aan Hans en Stella (Geb. Hanekom) 'n fris dogter op 6 Junie. Albei wel. 14/6/1

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare** en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

### BESIGHEID TE KOOP

**Algemene Handelaarsbesigheid en Goed geboude Woonhuis** onder een dak bestaande uit: Winkel, Eet- en Sitkamer, 3 Slaapkamers, Kombuis, Garage. Warm en koue water. Word te koop aangebied te Weimarstraat 27, Parow.

Verkoper bereid om eerste verband te gee. Doen aansoek vir verdere besonderhede en prys by **mnr. Pierre van Zyl, Ouditeur, Voortrekkerweg 161, Parow. Telefoon 988230.** 14/6/4B

### PLUIMVEE TE KOOP

**ROSCHANA PLUIMVEEPLAAS.**—Lid van S.A.P.V.-Telersregister. In besit Goewerments B.W.D. vry-sertifikaat. Wit Leghorn dagoud hennetjies £14, en dagoud haantjies £1/15/- per honderd. Kuikens word geteel van uitgesoekte henne met hoë produksie en hane van die Pretoria Universiteitsproefplaas geteel onder toesig van prof. Gericke. Skryf aan **mev. A. Roscher, Posbus 9080, Johannesburg. Telefoon 52.3067.** 31/5/3

### GEVRA VIR OMRUIL

Vyf wit Pikanese Mannetjie eende. Opreg. Volgroeid. Wil nuwe bloed invoer. Ruilers betaal eie spoorvrag. Stuur vyf, en ek stuur vyf ander, bogemelde soort. Skryf aan.—**Mev. M. Kilian, Joubertstraat 71, Middelburg, Tvl.** 14/6/2

### VENNOOTSKAP

Motorwerktuigkundige vra om as vennoot opgeneem te word. Het ondervinding van trekkers, sweis van alle aard.—**E. D. Thorbesch, Coetzeestraat 38, Middelburg. K.P.** 14/6/1

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.


KRY
LIEWER U
WINTER-
UITRUSTING
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow


# Die Tyd Word Min!

Almal wat **republikeine** is . . .
Almal wat ware **volkseenheid** nastreef . . .
Almal wat 'n **blanke toekoms** soek . . .
het belang daarby dat Die O.B. deur soveel as moontlik gelees word.

Help ons om nog 'n intekenaar te kry en u skakel nog 'n krag by in die stryd vir volk en vaderland.

Vul onderstaande intekenvorm in en pos saam met geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van..............................*

*......................vir die eerste...................maande.*

*NAAM.............................................*
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES.........................................*

.................................................

.................................................

.................................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# Nuwe Stryd Om Afrikaans

Groot ontevredenheid heers in Afrikaanse kringe oor afskeping van Afrikaans deur die nuwe Suid-Afrikaanse C-sender of Besigheidsender. Nagenoeg tagtig persent van sy diens is in Engels. Deur die F.A.K. is reeds ondersoek gelas na die wettigheid van die sender omdat dit die tweede taal nie behoorlik in ag neem nie.

Verlede week is uit Johannesburg berig dat die Randse Skakelkomitee 'n beroep op sy 100,000 lede van ongeveer 150 kerklike en kultuur-organisasies doen om slegs die besighede te ondersteun wat oor die radio ook Afrikaans in hul advertensies gebruik.

# S.A. Jode Op Seëninge Gewys

Tussen vier- en vyfduisend lede van die Joodse gemeenskap van Johannesburg en die Rand het verlede week geluister na 'n teregwysing van die minister van buitelandse sake van Israel, mnr. Moshè Sharett.

„Julle — lede van die vrye Joodse gemeenskap — wat in hierdie demokratiese land van Suid-Afrika woon, waar daar vryheid van spraak is, waar julle volle politieke regte het, jul kinders 'n eie opvoeding kan geniet en waar julle jul kultuur kan uitleef, julle moet julself as besonder bevoorreg beskou. Daar is ander lande in die wêreld waar die Jode nie hul stem mag verhef nie en waar hulle as gemeenskap uitgegewis word," het mnr. Sharett onder doodse stilte gesê.

# Koning Is Lid

Toe mnr. Paul Sauer, Minister van Vervoer, onlangs die Oranjeklub in Kaapstad toegespreek het oor parlementêre prosedure het hy gesê dat die Koning lid is van ons Parlement. Met die verskil egter dat hy nie daartoe verkies is nie, maar as sodanig gebore is. Ons Parlement is drieledig, naamlik die Koning, die Senaat, en die Volksraad.

# Naturel Verwelkom Inlywing Van Protektorate

**'n Naturelle-onderwyser skryf in die Cape Times dat hy ten gunste is vir die onmiddellike inlywing van die Britse protektorate by die Unie ten spyte van die lawaai wat veral in die buitelandse pers oor die voorstel gemaak word. Hy noem die volgende redes vir sy standpunt:**

1. Die protektorate is geheel en al afhanklik van die Unie en duisende Basoeto's, Swasies, en Betsjoeanas stroom die Unie binne vir werk. „Wat sal met hierdie naturelle gebeur indien die Unie sy grense vir hulle sluit?"

2. Op onderwysgebied is die portektorate ver agter die Unie. **Uit onderhoude wat hy met 'n groot aantal ontwikkelde naturelle in die verskillende gebiede gehad het, blyk dat hulle inlywing sal verwelkom, maar bang is om dit in die openbaar te sê — bang vir kapteins wat „vet salarisse van die Britse regering ontvang" en bang vir die groot massa ongeletterde naturelle in die gebied wat glo: „Ons is onder die Britte en ons sal nie toelaat dat ons regeer word deur die ondiere oorkant die grens nie."** Hierop laat die briefskrywer volg: „Baie eienaardig, want in tye van droogte en ander ekonomiese verskynsels, klop hierdie ‚Britse Africans' aan die deur van hierdie ondier, en roep hulle hemelhoog vir werk.

**VOORBEELD**

„Hier is 'n voorbeeld van hoe ‚sleg' die Unie sy naturelle behandel: n Ongetroude gematrikureelde naturelle-onderwyser in die Unie wat in 'n primêre skool onderwys gee, ontvang in sy eerste jaar 'n salaris van £19 3s. 4d. per maand. 'n Getroude onderwyser in een van die protektorate met dieselfde kwalifikasies en dieselfde werk, ontvang £6 10s. per maand, en onthou hy is getroud."

Die skrywer wat daaraan toevoeg dat hy nog veel meer voorbeelde van ongelyke behandeling kan aanhaal, sluit met die advies dat by 'n stemming oor die oordrag van die gebiede, slegs geletterde naturelle die reg moet hê om te stem en wel in die geheim. „Laat staan die ongeletterdes en die hoogbesoldigde kapteins. Een van die hoofstruikelblokke waarom Brittanje nie die oordrag wil laat plaasvind nie, is gelykheid. Ek is ook 'n voorstander van gelykheid, maar jy kan nie gelykheid voorskryf as 'n hoofbeginsel en dan 98 persent van die volk ongeletterd hou en een persent onderbetaal en die ander een persent vetvoer nie. Die woord gelykheid is ontwerp om die naturelle in daardie gebiede te bluf."

Blankes en naturelle in Betsjoeanaland is oorweldigend ten gunste daarvan dat die gebied saam met Suid- en Noord- Rhodesië 'n Midde-Afrikaanse federale staat moet vorm, aldus mnr. L. S. Glover, lid van die adviserende raad van die gebied.

# Wes-Duitsland Kry Ook Polisie

Nadat die Westerse moondhede byna twee jaar lank gekibbel het oor die militêre inskakeling van Duitsland by die Weste onderwyl Stalin intussen met hul medewete voortgegaan het met die uitbouing van 'n Duitse leër onder die benaming „polisiemag" het die Geallieerdes aangekondig dat ook hulle 'n Duitse polisiemag op die been gaan bring.

Intussen word berig dat, volgens 'n Amerikaanse opname, die oorgrote meerderheid Duitse studente verklaar het dat hulle nie by die leër sal aansluit nie, selfs al word hulle offisiersrange aangebied.

# Kanonne Sal Skiet Met Atoombomme

**Die Amerikaanse leër is van plan om atoomwapens te vervaardig wat deur artillerie afgevuur en deur beheerde projektiele gedra sal word, het die hoof van die Amerikaanse generale staf, genl. J. Lawton Collins, in 'n radio-onderhoud gesê.**

**Hy het daaraan toegevoeg dat die leër vooruitgang gemaak het met die ontwikkeling van tenkafweertoerusting wat, indien dit suksesvol is, baie tot die beveiliging van Wes-Europa sal bydra.**

**Genl. Collins het verklaar dat daar groot moontlikhede bestaan vir die vervaardiging van klein atoombomme vir gebruik op die slagveld. Dit is heeltemal moontlik om artillerie te vervaardig wat atoomwapens kan afvuur.** Beheerde projektiele kan ook vervaardig word wat sekuur op die doel gemik sal kan word. Akkuraatheid is baie belangrik, omdat flaters maklik begaan kan word wanneer bomme van 'n groot hoogte gelos word.

As wapens vervaardig word wat atoomwapens kan afvuur, sal sodanige mate van akkuraatheid ook bereik word dat die taktiese gebruik van die atoombom prakties moontlik sal wees.

Hy het daaraan toegevoeg dat die Amerikaanse leër besig is om tenkafweertoerusting te vervaardig wat enige oorlogstenk sal kan vernietig. Indien die Westerse lande hierdie toerusting kan bekom, sal dit baie daartoe bydra om Wes-Europa in die hande van die Westerse lande te hou.


U het 'n Droomhuis in die Verskiet
BOU SAAM MET
SAAMBOU

Die Bestuurder, Saambou (Permanente) Bouvereniging, Posbus 4180, Kaapstad. Stuur my asb. u gratis brosjure waarin u verduidelik hoe om ons ideale met gereelde besparings te verwesenlik.

Naam:..............................
Adres:.............................
...................................
...................................

VERVOERDIENS
*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*
J. A. STRAUSS
Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID
diens
DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS
UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 14 JUNIE 1950

# ONS IS KAMERADE

*Soldate van die Republiek*

**En ons bring ook hulde aan hom wie vir ons hierdie verhaal aangeteken het — ons probeer om daarop voort te bou. Dankie vir die inspirasie, nie net wat uit die verhaal vloei nie. Ons beste wense.**

Dit was hierdie maand sewe jaar gelede . . . . Boerejeug, hoe oud was jy toe . . .? Die middel van 1943, en die Republikeinse vegters van ons volk — ons sê vegters, nie skree-ers nie — was in 'n doodstryd gewikkel. Ons was seker nog te jonk om alles te kon onthou . . . Goed, kom ons gaan gou deur die jare terug.

In die Johannesburgse Fort sit 'n aantal van ons makkers, wat hulle hele lewe vir hulle ideale feil gehad het, agter betonmure omdat hulle vir hulle saak gestry het; sonder verhoor is hulle opgesluit. Vir die afgelope tien dae voer hulle 'n hongerstaking om daardeur die Owerheid te dwing om hulle aan tekla — as daar dan 'n klag teen hulle is.

'n Paar dae nadat aan hulle beloof was dat hulle aangekla sou word, is die vyftien man meegedeel dat die aanklag nou weer uitgestel sou word en eers ná 'n maand of ses weke sou dien.

Toe die leier klagte by die tronkowerheid ingedien het dat die outoriteite hier woordbreuk gepleeg het, is die antwoord dat die betrokke amptenare geen sodanige belofte gemaak het nie, en dat — wat hulle betref — die gevangenes ingekerker sou bly so lank as wat dit die owerhede pas.

Nie 'n dag langer nie . . . en ook geen dag vroeër nie.

„Nie net het hulle ons hier sonder reg of aanklag in die Fort opgesluit nie, maar nou het hulle selfs hul gegewe woord verbreek. Nou ja, dan moet ons maar 'n plan maak. Boer maak altyd 'n plan," het die leier aan sy kamerade gesê.

Daardie plan wat Boer moet maak, is met alle versigtigheid en in alle besonderhede beraam.

Om met geweld uit 'n vesting wat in 'n tronk omskep is en wat daardeur 'n doolhof van staal, beton en ystertralies wat die lang gange omsoom geword het, uit te breek, is so hopeloos dat dit fantasties klink om dit maar net oorweging te skenk. 'n Geslaagde poging sou eintlik o n d e n k b a a r, onvoorstelbaar wees.

Dit is waarskynlik juis daarom dat dit geluk het.

Dit was omstreeks 'n uur ná middernag toe die bewaarder, wat Ouboet al lankal op sy kerfstok het, die gang afkom. Hierdie keer het die bewaarder 'n bietjie té naby aan die tralies waaragter Ouboet, vasgedruk in 'n hoek waar die ganglig se skyn nie val nie, staan en wag het.

Lankal het Ouboet homself al in hierdie oomblik, of in die gedagte aan hierdie oomblik, verheug. Die oomblik wanneer daardie meneer té naby aan die tralies sou kom, en Ouboet agter daardie tralies binne bereik sou staan. Want Ouboet het gevoel dat hy 'n rekening het om te vereffen.

„Nee, nie te vereffen nie, want die rekening het te hoog opgeloop om ooit ten volle vereffen te word. Maar al is dit net so 'n paaiement op al die venyn en kwetsende bitsighede, wat ek soveel maande al moes sluk," spook Ouboet se gedagte.

En vannag het hy kans gesien om daardie paaiement te betaal . . . . as die ou net naby genoeg kom.

„Man," het hy eendag aan Teunis gesê, en Teunis se donker gesig het by die gedagte wat Ouboet geskilder het 'n salige uitdrukking gekry, „man, as ek ooit die kans kry om hom deur die tralies heen te bereik, dan wil ek hom slaan dat hy sommer hier in sy eie tronk sulke opslae maak. En as daar ooit kans is vir wegkom, gaan ek die geleentheid soek, om hom die opslae te laat maak. Dit sal die ou ook sommer maniere leer."

Vannag was die wegkomkans daar . . . . daardie fantastiese wegkomkans wat weens die skone onmoontlikheid juis sou geluk! Vannag . . . . !

En juis vannag het die bewaarder, daardie welbekende en derhalwe onbeminde bewaarder, 'n bietjie té naby aan die tralies geloop . . . . die tralies waaragter Ouboet staan en skuil, daar in die hoek, waar die ganglig se skyn nie val nie.

Uit maandelange observasie het Ouboet geweet dat daar onder daardie kakiejas wat die bewaarder hierdie koue Junienag oor sy uniform gedra het, 'n rewolwer om sy lyf was met kaliber .45. Benewens die rewolwer was daar die sleutel, wat aan die ketting vas was.

Vir gevangenes was daardie sleutel die simbool van die vryheid, en — simbolies genoeg — die vryheid was . . . . aan 'n ketting! Die geklink van daardie ketting, as die bewaarder die gang afgestap kom, was 'n klank wat geen gevangene ooit sou vergeet nie. En terwyl die bewaarder die gang afstap het Ouboet hom dopgehou en net gebid dat die ou naby genoeg aan die tralies moet loop.

„As ek net die sleutel in hande kan kry, dan na die hel met die ketting," het Ouboet gedink . . . en hy sien die onbeminde gedaante nader kom, nagenoeg aan die tralies vir die voornemens wat Ouboet koester. Nagenoeg om binne bereik van daardie lang en gespierde linkerarm van Ouboet te kom!

„Die sleutel dra hy aan sy linkersy, vas aan daardie ketting; aan sy linkersy onder daardie kakiejas," spook Ouboet se gedagtes. „As ek my linkerarm vinnig uitskiet, net soos hy vlak by die tralies verbystap, en ek gryp hom aan die kraag, dan kan ek hom nader pluk met die linkerarm . . . en hom dan hier deur die tralies lossteek met die regtervuis. As ek hom met die linker dig genoeg geruk het en ek slaan hom met die regter net hier op die skarnier van sy kakebeen . . . ." en Ouboet betas met stygende vreugde en verwagting in die donker sy eie wang met die hand.

„Ja," grynslag hy in die donker agter die tralies, „net hier op die skarnier!"

„Wat die . . . . ! Ag! Help, help! Ahê . . . . !"

Toe word dit voor die gehate bewaarder se oë donker. 'n Tweede hou van daardie ystervuis het sy linkerkakebeen afgeslaan.

„Skote Pertoors!" hoor Ouboet van 'n aangrensende sel, terwyl hy die bewustelose vyand met die linkerhand nader trek en deur die tralies met die regterhand in sy klere soek.

„Ek het hom!" sis hy, en pluk die sleutel van die ketting af.

Om die deur van sy sel oop te sluit was geen kuns nie, nou dat die sleutel tot die Vryheid nie meer aan kettings was nie. Eers sleep hy die bewustelose, dofkreunende bewaarder binne in sy sel en stroop hom van sy rewolwer en uniform. Toe bind hy die kakiejas so oor sy kop sodat die man nie kan skree nie, al sou hy ook weer bykom van daardie uitklophou.

Die uniform het Ouboet self aangetrek, met die rewolwer in die holster om sy lyf. In die swak lig kon hy heel goed self vir 'n bewaarder deurgaan. Dit was dan ook deel van die plan, wat Boer gemaak het.

Toe sluit hy die ander selle van die politieke gevangenes oop, en ná 'n vinnige beraadslaging, kom die res van die plan in aksie.

Volgens roetine moet die tweede bewaarder kort ná die eerste sy rondte doen, en hulle het die man toe maar afgewag.

Met hom is kort proses gemaak. Iemand in bewaardersuniform het hom skielik 'n rewolwer voor die bors gedruk en voordat hy besef het wat eintlik aangaan, was dit verby. Gestroop van sy uniform en van sy rewolwer word hy, net soos sy maat met die gebreekte kakebeen, in 'n sel opgesluit, gemuilband met sy eie kakiejas.

Toe stap 'n stoet van dertien gevangenes onder bewaring van twee bewaarders die gang af, in die rigting van die buitepoort, wat agter die Fort geleë is. Die twee bewaarders het een voor en een agter die stoet gestap. Die voorste figuur was die van Ouboet.

Op pad na die poort moes hulle by sy sel verby gaan, waar 'n bewustelose figuur, dof kreunend, op die vloer lê met 'n kakiejas oor sy kop en met hande en voete vasgebind.

„Aitsa! Het schijnt men heeft gevochten," sê Naas, toe hy nuuskierig naderkyk, sonder om egter die pas te verlangsaam. Want daar was min tyd om te verkwis.

Die eerste terugslag het by die Agterpoort gebeur.

Hulle het geweet dat daar 'n senior-bewaarder was. Hy sit tussen die twee rye tralies, wat 'n afskorting uitmaak tussen die Poort en die binnekant van die Fort. Daar was 'n hokkie of kantoortjie en in daardie kantoortjie was die wag.

Dit was Ouboet se taak om hom te probeer uitlok sodat hy ook binne bereik kon kom; dan sou hulle hom wel tot meer inskiklikheid kon oorhaal. Per slot van rekening, vyftien desperate manne en twee rewolwers is altyd 'n sterk en oorredende argument tot inskiklikheid, het hulle gevoel.

Maar om een of ander rede het die kêrel, wat daar tussen die twee tralierye gesit het die vrede nie vertrou nie. Selfs nie toe 'n figuur in bewaardersuniform hom dienstelik na buite geroep het.

Later het Ouboet gesê: „Kêrels, ek het seker te ordentlik vir hom gelyk; te ordentlik om vir sy maat deur te gaan."

En Naas het droogweg opgemerk dat dit glad nie onmoontlik was nie. Die lig was so swak dat selfs Ouboet ordentlik kon gelyk het. Selfs te ordentlik om daardie meneer se maat te wees.

Hoe dit ook sy, die poging om die bewaarder wat tussen die twee versperrings op diens was uit te lok en te oorrompel het misluk. Instede van oorrompel te word, het hy die alarm op sy fluitjie geblaas.

Dit was toe nodig om blitsvinnig te handel. Die veertien man, wat om 'n hoek in die gang geskuil het, storm na die dubbeltralies terwyl Ouboet in sy uniform die eerste hek byspring en dit oopsluit met die sleutel wat hy van die eerste bewaarder gebuit het . . . die sleutel wat nie meer aan kettings was nie.

Ouboet spring die hek in en brul: „Staan terug, of ek skiet meer gate in jou as wat in 'n sif te sien is!"

Met wydgesperde oë spring die bewaarder die kantoortjie binne en Ouboet is met een sprong aan die tweede en laaste hek met ddie sleutel in die een hand en die rewolwer in die ander.

„Spat vir die vale, kêrels!"

Veertien man, insluitende een in die uniform van 'n bewaarder storm die buitenste poort uit.

Die vyftiende, die leier van die seksie, spring om en hardloop terug, die Fort in, om iets tehaal wat in sy sel agtergebly het. Iets wat nie agter mag bly nie. Hy gryp dit en snel weer Poort-toe, vryheid-toe.

Met hierdie tweede terugloop hoor hy die eerste rewolwerskote val.

„Liewe hemel! Ek hoop hulle is uit!" blits dit deur sy gedagte.

Toe hy die tweede hek deursnel, val nog 'n rewolwerskoot vlak by hom en hy besef dat dit die bewaarder is wat uit die kantoorvenster skiet. Gebukkend hardloop hy en wonder hoe hy oor die twee doringdraadversperrings wat buite die Fort geleë is, gaan kom.

Dit was op hierdie tydstip toe hy een van die gevangenes sien terugsnel Fort-toe met 'n rewolwer in die hand en 'n verwoede uitdrukking op die gesig. Die rewolwer wat hy net deuskant die eerste doringdraadversperrings uit Ouboet se hand gepluk het en waarmee hy nou weer die gevaar instorm.

„Waar gaan jy heen?" roep die leier hom toe.

„Daardie vloek . . . die swernoot . . . ek gaan hom vrek maak. Daardie vloek wat so op ons skiet uit daardie kantoor . . . ek gaan hom skiet, kos wat dit wil!" hyg die antwoord, gedrenk deur vlammende haat.

„Is jy gek?" skree die leier en gryp die verwoede seun aan die arm. „Terug! Terug, man, en loop vir die vale!"

„Nee, los my, los my, ek wil hom vrek maak."

Die leier pluk hom tot stilstand en kners: „Terug! Direkte bevel!"

Te midde van die verwoede sekondes was hy dankbaar vir die mate van dissipline wat hy sy manne ingeboesem het.

Skielik bedaar die woede van die seun wat hy aan die arm hou, en hy voel dat die weerstand verswak. Die seun was weer . . . . soldaat! Die rasende woede wat hom oormeester het, was uitgewoed.

„Wragtie! Al het hy nie uniform aan nie, hy is soldaat. 'n Soldaat van die Republiek, soos een van ons senior-offisiere eenmaal gesê het," blits dit deur die leier se kop terwyl hulle albei doringdraad-toe terugsnel.

Voor val weer drie, vier skote, buitekant die Fort.

„Wie sou daar skiet?" hyg die een.

„Weet nie. Klink soos Guy Fawkes," is die antwoord.

Hoe hulle oor die doringdraadversperrings gekom het, was vir hulleself 'n mirakel. Vyftien man moes die hindernisse oorkom. Veertien het daarin geslaag. Een het aan die draad bly hang.

Dit alles onder die vuur van die bewaarder en twee spesiale polisie wat buitekant gepatrolleer het, toe dit uitbraak plaasgevind het. Dit was hulle wat die leier so-ewe hoor skiet het.

Daar was nog 'n verdere vyandelike hindernis tussen die veertien en die vryheid, maar dit het nie veel hond haaraf gemaak nie.

T w e e naturelle-bewaarders met assegaaie bewapen, was buitekant die poort op diens. Hulle het bemerk dat daar onraad was en het na die poort gehardloop waar hulle die vyftien man sien uitborrel het, die nag in, gevolg deur rewolwerskote en omgewe van die een opslagkoeël na die ander wat met snerpende gefluit by hulle koppe verby getrek het.

Dit was vir die twee naturelle genoeg.

Oorgenoeg.

„Jo-jo-wê!"

Die een het twee dae later eers weer te voorskyn gekom en homself vir diens aangemeld.

Die ander een is, sover bekend, nog besig om mylafstand tussen hom en daardie Poort van onheil van die Johannesburgse Fort te skep.

(Skryf vir ons of julle daarvan hou om hierdie verhale van julle Kamerade te verneem, dan vertel ons later nog meer.)

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49**
**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.**
***VOORRAAD BEPERK***
**BESTEL DUS DADELIK BY:**
**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**
**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

# Nuwe Maatreël Toon Aan Teen Wie Dit Gemik Is

**Die wetsontwerp op die Onderdrukking van Kommunisme vervang die vorige een wat ook deur minister Swart ingedien is en voor die tweede lesing na 'n Gekose Komitee verwys is.**

> **Die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, het verlede week 'n nuwe wetsontwerp by die parlement ingedien vir doeleindes van bekamping van die Kommunisme. In hierdie artikel gee ons medewerker sy indrukke omtrent die uitwerking van die nuwe maatreël soos dit veral die O.B. betref.**

**Die belangrikste wysiging is dat die nuwe ontwerp sy doel baie duideliker omskryf en wel in woorde wat die Kommunistiese Party met sy aanverwante organisasies aanwys as dié wat aan onwettig-verklaring onderhewig sal wees. Tewens word die amptelike Kommunistiese Party self sonder meer deur die ontwerp self onwettig verklaar.**

#### MOONTLIKHEID VAN MISBRUIK

Die moontlikheid dat die wet later teen ander as Kommunisties-georiënteerde organisasies misbruik mag word, is dus uitgesluit. Onregstreeks is daar onder ons stelsel sekerlik altyd die gevaar dat hierdie wet as presedent beskou kan word vir derglike wette teen ander liggame. **Hierdie beswaar geld egter ons stelsel en nie die bewoording van die wetsontwerp as sodanig nie.**

Die moontlikheid dat die passering van die wet later om partypolitieke oorwegings as onregstreekse wapen teen Afrikaner-organisasies aangewend kan word, moet dus teen die noodsaaklikheid van onmiddellike anti-Kommunistiese optrede opgeweeg word. **Dis jammer dog nie onverstaanbaar nie dat die groot partye mekaar nogeens nie kon vind nie. Dit druk dus nogmaals die onvermydelike partystempel op nasionaal-noodsaaklike wetgewing af.** Trane hieroor baat egter nie.

**Deur J. de Vos**

#### VOOR- GROTER AS NADELE

Alles in ag geneem skyn dit of die wetgewing meer goed as kwaad in sy huidige vorm sal voortbring. Die uitwerking waar dit die aangemerkte doel mag tref verdien sekerlik nie slegs die goedkeuring nie maar ook die lojale geesdrif en medewerking van elke reggesinde.

#### KUNSMATIGE VERONTWAARDIGING

Die geween oor die oorlede „rule of law" wat ewe plegtig nie slegs deur Kommuniste nie maar selfs deur andere, hoofsaaklik aanhangers van die vroeëre oorlogvoerende bewind, aangehef word, klink waarlik te hol om selfs maar eggo's te wek. Nadat die laaste reste van die lyk reeds sonder seremonie deur dieselfde groepe onder luide applous in die jare van die oorlog in die graf gelê is wek hierdie vertraagde treurmare geen medelye nie. Diegene wat so handel moet werklik òf huigelaars wees òf, soos 'n Engelse skrywer dit uitgedruk het, „Blessed with a peculiar sort of cussedness."

In elk geval sal die slagoffers van die vroeëre regering se tirannie hoogstens met moeë sinisme die sintetiese verontwaardiging gade slaan. Dit sal sekerlik instinkmatiglik die reaksie van O.B.-lede wees.

# V.S.A. Bied Voorbeeld

(vervolg van bladsy 1 kolom 4)

magte wat in die wêreldgeskiedenis ooit in een man se hand geplaas is.

Die militêre krisis van 'n Pearl Harbour, die ekonomiese moeilikhede van na die oorlog is onder die leiding van Roosevelt en Truman onderskeidelik met kragdadige optrede bekamp. **In sulke sake durf die wetgewende huise die president nie teenstaan nie, want hy tree dan met die verenigde nasionale wil as rugsteun op.**

#### BEPERKINGS OP SENTRALE GESAG

Die president het egter slegs 'n omskrewe volmag. **Sodra hy beleid neerlê wat nie die hele volk se steun in genoegsame mate wegdra nie het sy teenstanders die geleentheid om hom te dwarsboom.** Dan kom al die afwykende opinies in die twee wetgewende huise na vore. In die laer huis, die Huis van Verteenwoordigers, word veral plaaslike belange van die betrokke kiesafdelings geopper. In die hoër huis of Senaat word veral groepsbelange behartig. **Nie slegs vanuit die kringe van die opposisieparty nie maar ook vanuit die regeringsparty tree** dikwels teenstanders van die presidensiële beleid na vore.

#### PRESIDENT KAN SLEGS HELE VOLK DIEN

**Die gevolg is dat sodra die president alte sektaries raak en 'n saak slegs van een kant sien, hy teen 'n muur van wetgewende veto's vasloop.** Dit gebeur keer op keer, nie slegs as uitsondering nie. Hierdie outomatiese beperking handhaaf die nodige bedagsaamheid van owerheid teenoor onderdane en is in beide se belang. Roosevelt is dikwels so gekeer, Truman is pas weer deur sy partygenote in die steek gelaat toe hy die kleurgevoel van die Suide geweld wou aandoen. **Terloops, die nuutste uitgawe van Time voor my noem 'n meer as twintigtal maatreëls wat Truman nie kon deurvoer nie.**

#### STELSEL KAN VERSKILLE VAN OPINIE VERDRA

Die partygenote aan albei kant kan egter bekostig om van mekaar te verskil. Hulle kan bekostig om die plaaslike of groepsbelange van hul kiesers soms swaarder as die partybeleid van die president te laat weeg. **Hulle doen dit herhaaldelik sonder om die kabinet te laat val, sonder om elke keer 'n algemene verkiesing te veroorsaak, sonder om die president by betrekking te laat kwytraak en sonder om hulle eie ontbinding in die hand te werk.**

Die president aan die een en die wetgewende huise aan die ander kant staan volgens die V.S.A. se grondwet vir vaste termyne onafhanklik van mekaar, soms bymekaar as die volkswil dit vereis, soms teenmekaar as die presidensiële beleid nie die hele volk se goedkeuring wegdra nie.

#### PRESIDENSIËLE REGERING, NIE PARTYREGERING NIE

Onder sulke toestande is die rol van partymasjiene vir nominasiedoeleindes wel groot, **dog vir die praktiese uitvoering van staatsbeleid tree ander oorwegings sterker as party-oorwegings na vore. Onder so 'n stelsel sal meer Natalse L.V.'s die moed van hulle oortuiging hê en meer Natalse kiesers bevredigende behartiging van hul belange verkry. So 'n stelsel kan nie met reg 'n partystelsel genoem word nie, dog veel eerder 'n presidensiële stelsel van regering.**

# Indië Trek Kop Uit

**Die Indiese regering het verlede week aangekondig dat hy nie meer sal deelneem aan 'n tafelronde met die Unie-regering soos vroeër in die jaar ooreengekom is op 'n konferensie van verteenwoordigers van die Unie, Indië en Pakistan nie. Die rede vir hierdie stap is die passering van die wetsontwerp op groepsgebiede waarmee die regering voortgegaan het ten spyte van 'n Indiese versoek om dit tot na die tafelronde agterweë te hou.**

Die regering het sy spyt oor die Indiese houding uitgespreek en verklaar dat Indië tydens die konferensie deur dr. T. E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, informeel ingeglig is omtrent die regering se voorneme om met dergelike wetgewing te kom.

Van Indiese kant word amptelik ontken dat sy afvaardiging enige mededeling omtrent die betrokke wetgewing ontvang het.

Uit die Indiese verklaring blyk duidelik dat Indië in elk geval met niks minder as opheffing van die segregasie-beleid in die Unie tevrede sou wees nie.

# DRANK VLOEI KWISTIG IN NOORD-RHODESIË

**Ongeveer een-sesde van die maandelikse inkomste van Noord-Rhodesië se blankes word bestee aan drank, volgens gegewens wat in die wetgewende raad verstrek is deur die minister van Ekonomiese Sake, R. Nicholson. Hy het gesê dat die gemiddelde salaris per maand in die omgewing van £65 is en dat £10 hiervan aan drank uitgegee word.**

Gedurende 1948, toe die blanke bevolking ongeveer 28,800 was, was die uitgawe aan drank £689,000. **As die nodige toegewing van ongeveer £50,000 gemaak word vir ligte wyn wat moontlik deur naturelle gekoop is, beteken dit nog 'n gemiddelde drankverbruik ter waarde van £27 per persoon — kind en vrou inkluis. Dit beteken dat in 'n huisgesin van vier die vader en moeder £108 se waarde aan drank per jaar verbruik.**

## Afrikaanse Skool Vir Oos-Afrika

Terwyl Afrikaners in Tanganjika 'n noodoproep op hul Suid-Afrikaanse volksgenote gemaak het om hulp, veral aan die kinders wat op onderwysgebied steeds meer aan bande gelê word deur die owerheid, is verlede week uit Nairobi berig dat daar 'n groot Afrikaanse laerskool in die gebied Thomson's Falls, Kenie, opgerig sal word teen 'n koste van £50,000. Dit is bedoel vir Afrikaanse kinders in verskillende gebiede in Oos-Afrika.

Die bestaande skool waar Afrikaanse kinders vir die afgelope drie jaar skoolgegaan het, is tans te klein. Die hoop bestaan dat 'n bou-lening van die owerheid verkry sal word en dat die N.G. Kerk ook hulp sal bied. Afrikaanse kinders sal in die nuwe skool in hul moedertaal onderrig word. Tydens die vakansies sal spesiale klasse vir volwassenes gehou word.

## Hulpgeroep Uit Tanganjika

In gevolge 'n hulpberoep op die Unie deur die Afrikaanse gemeenskap in Tanganjika veral in verband met die onderwys van hul kinders, het die Minister van Onderwys, mnr. C. R. Swart, aangekondig dat hy binnekort 'n verteenwoordiger na die gebied sal stuur om ondersoek in te stel na die toestand daar.

In die oproep is op die gevare gewys wat die blanke gemeenskap in die oë staar weens die gelykskakelingsbeleid van owerheid.

## Genl. Smuts Dalk Uit Politiek

Genl Smuts, wat op 24 Mei sy tagtigste verjaardag herdenk het, en kort na die landswye viering van die gebeurtenis 'n ernstige aanval van longontsteking gehad het, maak tans stadige vordering in sy huis naby Pretoria. Hy het geruime tyd al ook aan heupjig.

Daar word nie verwag dat hy weer tot die aktiewe politieke lewe sal terugkeer nie. Wie in daardie geval sy opvolger in die Verenigde Party sal wees, moet nog beslis word, maar na verwagting sal dit mnr. J. G. N. Strauss wees.

## Belasting Vir L.V.'s Verlig

**Nadat 'n afvaardiging van parlementslede die Minister van Finansies ontmoet het, is hierdie week bekend gemaak dat die salarisse van parlementslede voortaan vir die grootste gedeelte vrygestel sal wees van inkomstebelasting. Die huidige salaris van 'n parlementslid is £1,000 per jaar en volgens die nuwe reëling sal £700 hiervan nie in aanmerking kom vir belasting nie.**

# Empire Word Saamgeheg Deur Nuwe Bande

## Maar Ou Doel Bly Gehandhaaf

**Die Britse Statebond word nie meer aaneen gehou deur gemeenskaplike bloed of godsdiens of taal nie, hoewel hierdie waardevolle dinge nog steeds 'n lewensbelangrike rol in die Statebond speel. Die nuwe Statebond word aaneen gehou deur die aanvaarding van gemeenskaplike demokratiese ideale; deur 'n liefde en begrip vir parlementêre demokrasie; deur vriendskap en intimiteit, het Patrick Gordon-Walker, Britse minister van statebondsbetrekkinge, op 'n vergadering in Manchester gesê.**

**Die minister het beklemtoon dat hulle in die Statebond 'n nuwe metode van samewerking ontdek het en dat hierdie nuwe Statebond ook 'n brug vorm tussen Europa en Asië soos die wêreld nog nooit voorheen gesien het nie.**

**„Laat ons nooit vergeet nie dat ons ekonomiese herstel en ons toekomstige welvaart en krag nie net van afgesonderde pogings afhang nie, maar van ons lidmaatskap van die Statebond.**

**„Ons onlangse groot verbetering in die dollar-handelsbalans is 'n prestasie van die Statebond as geheel.** Die Statebond is aan die spits in die organisering vir verdediging en vrede." Aldus die Britse minister.

Die fout wat baie republikeine in die verlede begaan het, was om nie rekening te hou met hierdie nuwe bindsele van die Empire nie. Telkemale wanneer een van die ou wetlike Empire-bande losgemaak is of afgeval het, is daar geglo dat daar groter vryheid gekom het of dat die Empire besig is om uiteen te val. **Die Britse Imperialisme gee egter niks om watter uitwendige bande daar gehandhaaf word of verlore gaan nie, solank die inwendige verknogtheid in die vorm van ekonomiese en militêre hulp maar bly voortbestaan.**

**En hierdie feit onderstreep Gordon-Walker wanneer hy sê dat die Britse redding op dollar-gebied 'n prestasie van die hele Statebond is.**

## Munisipale Distribusie Van Petrol

As die munisipaliteite wil ingryp in die distribusie van petrol en die alleenhandel van die motorhandelaars breek, sal dit heelwaarskynlik daartoe lei dat die distribusiekoste, naamlik 3d. per gelling, met twee-derdes verminder word, het prof. W. H. Hutt, dekaan van die handelsfakulteit aan die Universiteit Kaapstad, op die jaarkongres van die Instituut van Stadsklerke verklaar.

Professor Hutt het verklaar dat munisipaliteite op handelsgebied 'n baie groter rol kan speel in die lewe van die gemeenskap. Hy beskou die distribusie van petrol as een van die vertakkings van die handel waarin die munisipaliteite met groot voordeel kan ingryp.

Hy het gesê dat 'n motorhawe 3d. per gelling vra vir die diens om petrol in die tenk van die motor te pomp, terwyl die aflewering van 'n pint melk slegs $\frac{3}{8}$ pennie kos — dus 24 maal goedkoper.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.